

Nabetragting van Boodskap Sondag 18 Oktober 2020

Skopus: Die lewe is nie sommer nie – daar is doelgerigtheid aan die skepping. Die skopus van die dinamika kan gesien word in Gen. 1:28: “Wees vrugbaar, word baie, bewoon die aarde en bewerk dit. Heers oor die vis in die see, oor die voëls in die lug, oor al die diere van die aarde, ook oor die diere wat op die aarde kruip.”

Maandag: Alles het 'n wegspringplek waarvan sommige self gekies kan word. Die beste wegspringplek om die lewe aan te pak, word onder meer verwoord in Ps. 23: "Die Here is my herder, ek kom niks kort nie. Hy laat my rus in groen weivelde. Hy bring my by waters waar daar vrede is. Hy gee my nuwe krag. Hy lei my op die regte paaie tot die eer van sy Naam".

Dinsdag: Elke mens het sy eie skat van vermoëns en geleenthede om die lewe aan te durf. Dit word genoem ons gawes en talente wat deur die Gees van God bestuur word, nes ons uitdagings dikwels daarvolgens die geleenthede bied, soos bevestig word in 1 Kor. 12:4-11 [lees gerus die hele gedeelte en kyk watter gawes by jou pas]: “Daar is 'n verskeidenheid van genadegawes, maar dit is dieselfde Gees wat dit gee; daar is 'n verskeidenheid van bedieninge, maar dit is dieselfde Here wat die opdrag gee; daar is 'n verskeidenheid van kragtige werkinge, maar dit is dieselfde God

wat alles in almal tot stand bring.
Aan elkeen afsonderlik word 'n
werking van die Gees gegee tot
voordeel van almal”.

Woensdag: Kennis, wysheid, oortuigings, die beskikbaarheid van middele help niks as dit nie oorspoel tot aksies nie. Een van die grootste verskonings om betrokkenheid te vermy, is die sydelingse verskoning 'ek sal vir jou bid'. As jy iets sien wat God se skepping sal verbeter en jy kan iets daaraan doen, doen dit dadelik. As jy iets kortkom, vra daarvoor en doen dan wat jy hoor. As jy nie kan nie en nie die middele het nie, luister na die Gees van God wat jy moet doen. Ons kan ons nooit losmaak van iets wat ons sien gedoen kan word nie.

Donderdag: Daar is 'n basiese reël wat soos 'n skaduwee saamloop met elkeen as die verteenwoordiger van God in sy skepping – Matt. 25:29: Aan elkeen wat het, sal meer gegee word, en hy sal oorvloed hê; maar van hom wat nie het nie, sal ook die bietjie wat hy het, weggevat word. Elke daad van elke mans het 'n vrug en die keuse of dit positief of negatief is, is joune.

Vrydag: Dikwels vergeet ons dat elke oomblik van die mens omgewe is met 'n ruimte wat ons harts-gesindheid uitstraal. Dit is nie net wat ons doen wat vrug dra nie, maar ook ons ingesteldheid. As jy dan iewers moet buig, kan jy net sowel laag buig. As jy iemand help wat in die nood is, al is dit weens sy eie doen en late, kan jy dit swaarmoedig of blymoedig doen. Jou gesindheid bepaal die terugspoel op jou eie lewe. Die goue reël is om altyd jou te verbeel jy moet maak soos Christus sal maak en nie soos jy voel of dink nie.

Ds. Jan